

Maandag

Geloofsgehoorsaamheid 14 Mat.6:5 – 13; 22: 41- 45; 26: 64; 27: 45 – 71; 28: 16 – 20. Teks 6: 9 Ons Vader wat in die hemel is. Tema: "Ons aanbid Jesus Christus as God deur sy Vader as ons Vader aan te roep." Jesus Christus het gekom sodat ons Hom kan aanbid. Hy het nie as 'n geestelike predikant, priester of pastoor gekom om ons gebedsmetodes, houdings of gebedsinnighede aan te leer nie. In Matteus word Christus wat verhoog is aan die regterhand van die Vader, deur sy dissipels as God aanbid. (Mat. 28: 17). In Johannes word hierdie aanbidding verwoord in Thomas se belydenis teenoor die verhoogde Christus: "My Here en my God." (20:28) Wanneer Christus sy dissipels leer hoe om te bid in die "Ons Vader", dan openbaar Hy hoe hulle Hom as God moet aanbid: deur sy Vader as hulle Vader aan te roep. Die "ons" in die "Ons Vader", beteken nie maar net "ons groepie" wat saam bid of saam Christene is nie. Die "ons" is altyd ek en Christus of ons en Christus. Deur te bid "ons Vader", roep ons Christus die Seun van God se Vader as ons en Christus se Vader aan. In Mat. 22: 41 – 45 openbaar Jesus dat net Hy die Seun van God die Vader is volgens die Messias-belofte van 2 Sam. 7: 14. Net Hy die Seun van die Vader is een in wese, werke, mag, krag, lewe en Naam met God die Vader. Deur sy Vader as ons Vader aan te roep in gebed, aanbid ons Christus as die Here. Om God met die innigheid aan te roep dat Hy ons groepie se Vader is, maak mense van God hul vaderfiguur. Wie God as 'n vaderfiguur aanroep, aanbid nie Jesus Christus as Here nie. Wie Jesus Christus, die Seun van God se Vader as hul Vader aanroep, aanbid Jesus Christus as God. Dit is wat Christus ons in die "Ons Vader" leer: hoe om Hom as die Seun van die Vader, net soos die Vader te aanbid as ons Here en ons God. Mat. 28: 17. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Geloofsgehoorsaamheid 14 Mat.6:5– 3; 22:41-45; 26: 64; 27: 45–71; 28:16– 20. Teks 6:9 Ons Vader wat in die hemel is. Tema: "Ons aanbid Jesus Christus as God deur sy Vader as ons Vader aan te roep." In die gebed "Ons Vader" roep ons Christus, God die Seun se Vader as ons Vader aan. Ons mag dit doen omdat Christus ons ingesluit het en laat deel in alles wat Hy vir God die Vader doen. Christus sluit ons in sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart as mens in. Só deel die Seun sy heiligheid, onskuld en onberispelikeid as mens in die hemel met ons. Deur ons in te sluit en te laat deel in wie Christus is, laat Hy ons ook deelwees van die liefde van die Vader en Seun vir mekaar. Só is ons ingesluit en deel ons die liefde wat God in Homself vir Homself het. Wie Christus die Seun se Vader as "ons Vader" aanroep, kan met vrymoedigheid, waardigheid en ootmoed God in gebed nader met sekerheid van sy liefde en guns. In alle geestelike bygeloof en afgodsdienste nader mense God met die magshouding dat hulle God met hulle innigheid en intimiteit as hul eie vader kan opeis. Dit hoor ons al meer in die magtige innigheid waarmee mense God as "Pappa", my Pappa", "pappa-god" en "vader-god" aanspreek. So maak hulle gebed iets anders as 'n mens wat sy Skepper as God aanroep. Hulle maak van gebed iets waarmee jy jouself inleef en deel kry aan die goddelikheid van God. Deur God met jou intimiteit te vertoel, as jou

“pappa-god”, meen jy, maak jy jousef deel van die wese, die krag, mag, lewe, naam en wil van God. Só maak geestelikes van die aanroep van God iets waardeur jy jousef met God kan identifiseer. Gebed word vir hierdie geestelikes iets waarmee hulle hulself God se seun en dogter maak, soos net Jesus die Seun van die Vader is. Daarom is “ons Vader” vir hulle nie meer Christus, die Seun en ek wat by Christus ingesluit is se Vader nie. Dit is dan “ons” wat ons inleef in God as ons pappa-god. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Geloofsgehoorsaamheid 14 Mat.6:5– 3; 22:41-45; 26: 64; 27: 45–71; 28:16– 20.
Teks 6:9 Ons Vader wat in die hemel is. Tema: “Ons aanbid Jesus Christus as God deur sy Vader as ons Vader aan te roep.” Ons aanbid Christus deur sy Vader aan te roep as die Vader wat in die hemel is. In die Matteus evangelie beteken hemel nie “die plek daarbo iewers in die skepping ” nie. Christus begin in Matteus sy openbare werk as Messias deur sy koms as die koms van die “koninkryk van die hemele” aan te kondig - Matt 4: 17. “Die koninkryk van die hemele” is nie Christus se regering in ’n plek iewers “daarbo” nie. “Die hemel” verwys na hoe God in Homself God is, ook buite sy skepping en nie net hoe God binne sy skepping God is nie. Die hemel waarheen Christus opgevaar het na sy opstanding uit die dood, is nie die plek “daarbo” iewers in die skepping nie, maar waar en hoe Christus aan die regterhand van die Vader self God is - Mat. 26: 64. Christus aan die regterhand van die Vader is hoe God in die hemel en op die aarde God is. Dit is hoe God in Homself God is. Daarom is die koms van die koninkryk van die hemel, Christus wat God met ons is, volgens die Abrahamsbelofte. Mat. 28: 20; Eseg. 32: 24- 31; Wanneer ons die Vader aanroep wat in die hemel is, dan roep ons die Vader aan as die Vader van die Seun wat vandag self God is én ook mens is. Daarom roep ons die Vader in die hemel aan in die geloof dat ons ingesluit is en deel in wie sy Seun aan sy regterhand vir en met ons is. Hy het vir ons nie ’n plek iewers daarbo geskep nie. Hy het ons ingesluit in Homself as God. Ons bid tot die Vader in die hemel in die geloof dat ons ingesluit is in sy Seun, wat self God is. Hy laat deel ons in sy menswees binne God self. Deur God as die Vader aan te roep in die geloof in sy Seun aan sy regterhand, bid ons met die wete tot God dat Hy vir ons in Homself ’n plek geskep het om in sy liefde in Homself sy kinders te wees. Kol.3:1-3. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag

Geloofsgehoorsaamheid 14 Mat.6:5– 3; 22:41-45; 26: 64; 27: 45–71; 28:16– 20.
Teks 6:9 Ons Vader wat in die hemel is. Tema. Ons aanbid Jesus Christus as God deur sy Vader as ons Vader aan te roep. Ons roep die Vader van Christus vrymoedig as ons Vader aan met die geloofsekerheid dat God ons in sy liefde in Homself insluit om sy kinders te wees. Daarom kan ons nooit in gebed God in wantroue kruiperig, verskonend, selfvernederend of gediensdig nader as aangeklaagde, beskuldigde, veroordeelde, vervloekte, verwerplike sondaars wat gestraf moet word nie. Ons roep altyd die Vader aan wie se Seun vir ons hierdie

sondaar in ons plek was en vir altyd daarvoor instaan, in God self. Ons nader God altyd in die wete dat sy Seun die voorhangsel van die tempel, wat mense uit die Allerheiligste uitgesluit het, met sy dood geskeur het, om self God met ons te wees. (Mat.27:51, 28: 20) As gelowiges nader ons God in gebed met die vrymoedigheid van geliefde kinders, met die waardigheid dat ons in alles wie sy Seun as mens in ons plek is, ingesluit is en met die ootmoedigheid dat ek 'n mens is wat as mens my Skepper aanroep. Nooit nader ons God in gebed met die hoogmoed en aanmatigendheid dat ons ons kan inleef en deel in sy krag, mag, lewe en naam as God om ons pappa-god te wees nie. Daarom is ons gebed 'n aanroep van ons Vader, die Almagtige Skepper van hemel en aarde, en nie 'n kuier of geselsie nie. Aanroep beteken dat ons ons tot God toekeer en rig met deurdagte woorde waarin ons met al ons gevoelens Hom vertrou, liefhet, eer, dank, loof en prys vir wie Hy as Skepper is en wat Hy as Skepper doen, en ook vra om só vir ons God te wees soos Hy God is. Elke Psalm van 1 tot 150 is voorbeelde van hoe ons God met deurdagte en gevoelvolle woorde aanroep vanuit elke lewensoomblik en lewenservaring waarin ons weet Hy is God met ons.

Vrydag

Geloofsgehoorsaamheid 14 Mat.6:5– 3; 22:41-45; 26: 64; 27: 45–71; 28:16– 20.
Teks 6:9 Ons Vader wat in die hemel is. Tema: "Ons aanbid Jesus Christus as God deur sy Vader as ons Vader aan te roep." Geestelikes wil gelowiges leer om nie meer te bid nie maar om te mediteer. Mediteer is nie net 'n vorm van gebed nie. Dit is gebedloosheid. Mediteer beteken om só stil te probeer word dat jy niks meer met woorde dink of sê nie, en niks meer in of van jouself in jou innerlike voel nie. Om op hierdie manier in jouself vir jouself sogenaamd "stil" te word, beteken dat jy jouself van en vir jou self leegmaak van woorde, gedagtes en gevoelens. Hulle afgodsdienste is dat hulle glo dat jy in hierdie stille leegheid van jouself, God binne in jou sal aanvoel en ervaar. In hierdie stille leegheid glo geestelikes dat jy kan aanvoel dat jy deel van die krag, mag, teenwoordigheid en lewe van God binne in jou eie woordelose leegheid is. Waar jy in meditasie niks van jouself is nie, is God dan nou kamstig sy alles in jou. Dit is niks anders as identifikasie met God nie, om jou eie innerlike as God te ervaar. Meditasie is die oersonde van Genesis 3:4 - nie gebed tot God nie. Meditasie keer die hele Christelike lewe onderstebo. Gelowiges word stil voor God deur na sy Woord, die Bybel te luister, nie deur sonder die Woord van die Here, die Bybel, God sogenaamd in jou aan te voel nie. Gelowiges word nie stil as hulle bid nie. Hulle bid deur God met deurdagte en gevoelvolle woorde aan te roep soos elke Psalm van 1 tot 150 God in elke lewensoomblik en -ervaring aanroep. Om voor God stil te word deur na jou eie innerlike te luister en stil te word wanneer jy Hom moet aanroep, is minagting van God - nie aanbidding nie! Dis net soos kinders hul ouers minag as hulle net na hul eie innerlike luister en nie na hul ouers se woorde nie, en wanneer kinders stilbly wanneer hulle met hul ouers moet praat. Wie mediteer aanbid nie die Here Jesus Christus deur sy Vader as jou Vader aan te roep nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za. Ds. Petrus.
ngkerkleuvubu.co.za. Ds. Petrus.